# REDAKSIONEEL

## 'N EPOGMAKENDE PUBLIKASIE: CHRISTUS ALLEEN

"Ons wil graag 'n boek aan u verkoop — 'n preekbundel wat handel oor Paulus se Brief aan die Galasiërs. Dit is saamgestel deur ds. C. D. Jaftha, BA (Unisa), Th. B (PU vir CHO) — predikant van die gemeente". So lui die eerste sin van 'n omsendbrief van die Geref. Kerk Heidedal. Die titel van die bundel preke oor Galasiërs is *Christus Alleen* @ R8.30 (posvry). Dit is verkrygbaar by die Geref. Kerk Heidedal, Posbus 21002, Heidedal (Bloemfontein).

Die publikasie is epogmakend om veral twee redes. Hoewel die tweede van ds. Jaftha, is dit van die eerste publikasies van predikante uit ons jong kerke wat hulle teologiese skoling ook op breër terrein diensbaar maak. Die opbrengs word gebruik vir die oprigting van 'n kerkgebou omdat dienste tot nog toe in die garage van die pastorie gehou word. Hierdie ideaal om ook selfversorgend op te tree spreek van Christelike verantwoordelikheid. Laastens hoop ons dat hierdie preekbundel wat van deeglike eksegese getuig by leesdienste en persoonlike Bybelstudie nuttig gebruik sal word.

### *Meegevoel*

*In die Skriflig* betuig graag innige meegevoel met die Teologiese Fakulteit B aan UP en met die familie met die heengaan van prof. F. J. Botha, professor in NT-vakke. Prof. Botha was 'n gewaardeerde intekenaar van *In die Skriflig* wat altyd sy intekengeld vir vyf jaar vooruit betaal het.

### *GTV Jaarvergadering*

Die tweejaarlikse jaarvergadering van die GTV te Pretoria-Oos het soos altyd baie geslaagd verloop. Die onderwerpe wat ds. N. P. Heystek en prof. J. J. van der Walt behandel het, was op die diakonologie toegespits.

In hierdie uitgawe verskyn vir hierdie tyd 'n baie waardevolle artikel van dr. J. M. Vorster oor die Neo-Marxistiese Politieke Teologie. Dit is immers baie duidelik dat "teoloë" 'n groot rol speel in die onrus wat in swart woongebiede reeds die lewe van meer as 600 swart mense op die wreedaardigste wyses geëis het. Die feit dat die "kerk" omskep word tot agent vir politieke "bevryding" op grond van 'n bepaalde ideologie, toon hoe die wese van die kerk in die kontemporêre stryd tussen die geeste op die spel is (Ef. 6). Ook die ander artikels sny problematiek aan wat in ons tyd aktueel is.

BS